TANNIE ANITA AAN DIE WOORD

Liewe KwaZulu Natal Landsdieners

2016 het met groot verwagtinge aangebreek! Vanjaar is dit ons jaar, dinge gaan gebeur en ons gaan dit laat gebeur.

I hope all clubs have started their activities with a bang! First impressions are the lasting ones.

We are busy organising the Provincial Camp and except for a few minor detail, we will be sending info to you soon. Be ready for a coastal camp like never before. Lots of enthusiasm and a big dose of Land Service spirit will make it a great camp.

Baie geluk aan al die nuwe Klubbesture wat verkies is. Julle het `n verantwoordelike taak en Landsdiens steun swaar op julle kreatiwiteit en die behoud van die vier liefdes van Landsdiens lê voor julle deur.

Landsdiens is daar om `n verskil in jou lewe te maak en jy moet daardie verskil oordra aan `n volgende persoon, want een vir een kan ons `n verskil maak aan ons omgewing en medemens se lewe. Ons moet verantwoordelikheid neem vir dit wat ons Hemelse Vader ons mee toevertrou het.

“The greatest pleasure in life is doing what other people say you cannot do.” Walter Bagehot

Go out, make a difference while making a statement!

Tannie Anita

HEUWELLAND LANDSERVICE CLUB

The year has kicked off with a bang!
We have so many exciting projects and activities planned for the year.
Our club is working hard at recycling - we have encorporated our whole school in this project as we feel that together we can make a larger impact in our community.
We are also collecting drinking water to donate to the "Walk for water" which will be held in March. All water will be given to those who are in desperate need of water.
Our main focus for the rest of the year will be the conservation of water as our club strives to assist people in need and look after nature with the power we receive from our Creator.

GELOFTE HOËRSKOOL

Ten spyte van die feit dat ons elke Donderdag en Vrydagaand aan die Aandreeks sport deelneem, het ons aktief besig gebly. Landsdieners wat nie direk by die sport betrokke is nie, het hulle liefde vir arbeid uitgeleef deur by die verskillende sportsoorte of kosstalletjies behulpsaam te wees.

Verder is SPCA muntinsamelingsblikkies en houers om broodtags in te samel aan elke voogklas uitgedeel. Daar is ‘n kompetisie geloods om klasse aan te moedig om munte en broodtags te bring.

Ons verkoop tans hangertjies en die wins word aan die SPCA geskenk.

Ons het ook ‘n waterprojek begin om mense in droogtegeteisterde gebiede te help. Lehan Hefer (Graad 12) het die projek gedryf. Al die klasse is

aangemoedig om 2 liter bottels met water skool toe te bring. Die water is deur ouers wat besighede het wat goedere na ander dorpe vervoer, afgelewer. Ons het egter so 'n oorweldigende reaksie by die kinders gekry dat die water uiteindelik ook deur Gift of the Givers namens ons versprei is. Hierdie projek het almal in die skool se harte geraak. Ons het op ons skool se Facebook blad verskyn en daar is ook 'n artikel in die plaaslike koerant geplaas.

#WaterShare project - donations flow in

Local school pays it forward

LADYSMITH HIGH SCHOOL

Dedication, Passion, Love, Energy, Excitement, Memories, Commitment ……….

These are just the mere emotions our Land Service members experience every Friday, not to mention anxiety of waiting for Friday to come by.

During our first activity we were joined by a large crowd of excited grade 8's. We carried out one of the pillars of Land Service: Love for Fellowmen. We had our first hand craft activity and made Valentine's cards for our staff as token of our love and appreciation. We had lots of fun where we had to feed each other being blind folded.

We spoiled the staff with Valentine's cards and chocolates on Valentine's Day. Before we all attended the Valentine's disco, we had a clean-up session at school.

We also spend time outdoors where we played different games and participated in outdoor activities.

The members of the club contributed stationery and toys that we will donate to an orphanage in Roosboom.

SUID NATAL HOËRSKOOL

Suidies het kliphard gewerk tydens Valentyns... balonne en blomme en kaartjies geskryf...

Die hele skool was bederf. Die aand is ook lekker sokkie gehou en Landsdieners het baie hard gewerk in die snoepie en hulle het skoongemaak na die tyd. Landsdiens kook!

Ons wil almal vir mev. Rheeder alle spoedige herstel toewens, en baie dankie sê vir al haar harde werk!

Suidies groete

SUID NATAL PRIMÊRE SKOOL

Ons by Suid-Natal Primêre Skool was al BAIE besig hierdie kwartaal.

Ons het die jaar met 'n klubkamp afgeskop. Landsdieners en hulle ouers het saam gekamp en ons was 'n hele 170 siele die naweek op die kamp.

Handwerk wat ons al gedoen het die kwartaal was kaartjies maak vir die personeel en koekie monsters versier.

Ons het ook in ons tuine gewerk en 'n hele nuwe rots tuin aangelê. Die Suidies het op klippe die Vrugte van die Gees geverf. Dit is in een van ons bestaande tuine gepak

Ons was ook baie bevoorreg om deur Ontbytsake afgeneem te word. **Die program word op 5 Maart op KykNet uitgesaai.**

LANDSDIENS MASCOT

PIET RETIEF LAERSKOOL

Landsdiens 2016

Laerskool Piet Retief se Landsdieners het so saam met die begin van 'n nuwe skooljaar met groot afwagting uitgesien na die afskop van die landsdiensaktiwiteite by die skool.

Daar is toe wel op 27 Januarie 2016 afgeskop met 'n heerlike opedag en prettige kaskenades.

Dit was vet pret – van mineraalklei-skeerroom op die tone tot bokdrolle spoeg en wurms eet. Die waterglybaan het 'n baie welkome lafenis gebied en sommer ook die geleentheid om die laaste van die speel en modder af te was.

Op 10 Februarie 2016 is daar 'n paddaspringkompetisie gehou. Kleurvolle papier is aan elke leerder oorhandig. Die groot vraag van "wat wag vandag?" kon in die gesigte gesien word. Juffrou Jolize het almal mooi stap vir stap gewys hoe om paddas van papier te vou. Daarna is sorgvuldig geknip en het die paddas voetjies gekry en nog ogies daarby!

Plekke is ingeneem agter die muurtjie en die papierpaddaspringkompetisie kon begin.

"Op jul merke, spring padda, spring!" Die graad een leeders het self ook gepaddaspring.

In elke graad is daar een wenner aangewys. Baie geluk, julle.

Nou word daar opgewonde gewag vir wat die volgende byeenkoms vir ons inhou.

Landsdiensgroete

Mev. Elize Riekert

OCAL
TY